Maart 2013

# SKA NUUS VIR DIE NOORD-KAAP

Terreininspeksie deur Riëtte Basson (argitek), Anton Lourens (tegniese direkteur by Aurecon) en Neels Hoek (SKA SA)

Gebou vir die Karoo Array-verwerker en terreinkragfasiliteit in aanbou

Nuwe werkswinkels, store en kantore neem vorm aan by Klerefontein

# Alles gereed, sê MeerKAT-projekleiers

**Op die oomblik is die SKA-terrein in die Karoo 'n miernes van boubedrywigheid met die oprigting van infrastruktuur vir MeerKAT. Planne vorder goed om die 64 MeerKAT-antennas teen die einde van 2016 te oorhandig, sê MeerKAT se projekbestuurder, Willem Esterhuyse. "Die eerste antenna behoort teen Desember 2013 geïnstalleer te wees. Teen die einde van 2015 moet 32 antennas in plek wees, en al 64 teen die einde van 2016.**

Die MeerKAT-projekspan is gemotiveerd om 'n teleskoop te bou wat die oorspronklike spesifikasie oortref sonder om die koste te verhoog of 'n kompromie op tydskale aan te gaan. "Ons beoog dat die wetenskaplike gemeenskap dit as 'n voorbeeld van betroubaarheid en verwesenliking van wetenskaplike doelwitte sal bestempel," sê Willem.

## Opgradering van infrastruktuur

Die opgraderingswerk aan die Karoo-substasie op Carnarvon is ook afgehandel en in Desember 2012 aan Eskom oorhandig. Teen die middel van April 2013 moet die paaie en siviele werke, asook die elektriese en vesel-geleidingnetwerk vir MeerKAT afgehandel wees. Ter-selfdertyd is konstruksiespanne is besig met uitbreidings aan die skuur vir die montering van die skottel, asook die skuur vir die integrering van die voetstuk, die gebou vir die Karoo Array-verwerker en terreinkragfasiliteit. ■

## Leer ken die SKA-organisasie

Die SKA is 'n wêreldprojek wat deur die internasionale SKA-organisasie bedryf en bestuur word. Die direksielede van die SKA-organisasie is verantwoordelik vir die oprigting van die SKA in Suid-Afrika en Australië, asook vir die befondsing van die globale projek.

SKA-raadslede verteenwoordig die tien lande aan die stuur van sake wat betref die ontwerp en die vooraf konstruksie-fase van die SKA-teleskoop. Die ledelande is die Verenigde Koninkryk, Swede, Suid-Afrika, Nieu-Seeland, Nederland, Italië, Duitsland, China, Kanada en Australië. Indië is 'n assessorlid.

Vind meer uit oor die SKA-organisasie by **www.skatelescope.org**

Gedurende November 2012 het personeel by die SKA-organisasie in die nuweSKA-hoofkwartier by Jodrell Bank-observatorium, naby Manchester in die VK ingetrek.

**Stuur gerus enige vrae of voorstelle vir "SKA Nuus vir die Noord-Kaap" aan Pieter Snyman. Skakel hom by 053 382 5905 gedurende kantoorure of stuur 'n epos aan psnyman@ska.ac.za**

SKA AFRICA
SQUARE KILOMETRE ARRAY

"Ek hoop dat MeerKAT en die SKA sal help om die sienings van mense wat dink dat wiskunde en wetenskap net vir 'n uitgesoekte paar bedoel is, te verander. So 'n reusagtige radioteleskoop op ons drumpel sal die wetenskap meer werklik maak en behoort die jonger geslag te lok."
— Sky Seranyane

# Instandhouding is belangrik

**Sonder behoorlike instandhouding kan 'n gesofistikeerde radioteleskoop nie sy wetenskaplike doelwitte bereik nie, sê Sizwe Seranyane, beter bekend as "Sky".**

As bedryfs- en instandhoudingsbestuurder van die KAT-7 is Sky en sy span tegnici verantwoordelik vir roetine-instandhouding van die antennas en hulle maak seker dat die nodige onderdele, materiaal en toerusting vir herstelwerk beskikbaar is.

Om sewe radioteleskoopskottels in stand te hou, is 'n ingewikkelde taak, sê Sky, maar instandhouding van 64 (vir MeerKAT), en dan duisende (vir die SKA) sal op 'n totaal ander skaal gedoen word. "Omdat ons bewus is van hierdie uitdagings in die toekoms, is die werk wat ons nou doen baie belangrik om vaardigheids- en kundigheidsbasis te skep," verduidelik hy. "Die voorbereiding van mense, en die prosesse om stelsels en toerusting gereed te kry, is 'n waardevolle en noodsaaklike leerkurwe vir my en my span."

**Enige studente van Carnarvon, Williston, Van Wyksvlei of Brandvlei met graad 12-wiskunde en -wetenskap, en wat daarin belang stel om as ambagswerkers opgelei te word, moet asseblief me. Daphne Lekgwathi by die Projekkantoor van SKA Suid-Afrika in Johannesburg kontak by telefoon 011 442 2434 of e-pos: dlekgwathi@ska.ac.za.**

"Ek is baie trots daarop om deel te wees van iets wat so groot is." — Virgillian Kasper

"Die SKA-projek in die Karoo sal werksgeleenthede skep en jongmense inspireer om meer oor wetenskap en tegnologie te leer." — Priscilla Malgas

# SKA SA moedig die ontwikkeling van jong, plaaslike vaardighede aan

Virgillian Kasper en Priscilla Malgas is elektriese assistente wat op die MeerKAT-terrein werk. Danksy SKA SA se program vir ambagsmanne het hulle beurse ontvang om as elektriese ambagswerkers by die VOO-kollege in Kimberley opgelei te word.

"Ek is baie trots daarop om deel te wees van iets wat so groot is," sê Kasper, wie se daaglikse aktiwiteite die aanbring van nuwe kragpunte in die talle geboue op die terrein insluit. Alhoewel hy partymaal buite in die woestynhitte moet werk, sê hy dit is baie bevredigend om te weet dat sy werk dit vir ander moontlik maak om hulle werk te kan doen.

Malgas en Kasper stem albei saam dat die SKA SA-projek geleenthede vir plaaslike ekonomiese groei en loopbaanontwikkeling bied, veral vir jongmense soos hulle. "Die positiewe uitwerking van die SKA wat naby ons dorp gebou word, verbeter die sosio-ekonomiese omstandighede van ons mense, want daar is baie werks- en sakegeleenthede," sê Kasper.

Kasper sê ook dat die wetenskaplikes en ingenieurs op die terrein die jong personeellede gedurig aanmoedig om hulle vaardighede te ontwikkel en om die beste gebruik te maak van hierdie kans om vir die projek te werk. Malgas is tans besig om haar studie deeltyds aan die Kollege van Kaapstad voort te sit.

Albei ambagswerkers voel dit is baie belangrik vir die publiek om in wetenskap belang te stel. Hulle het begin om sterrekundige navorsing te volg en elkeen het 'n gunsteling onder die onlangse ontwikkeling: Vir Kasper is dit is die ontdekking laat verlede jaar van 'n planeet wat hoofsaaklik uit diamante bestaan. Vir Malgas is dit die SKA-projek self.

Kasper en Priscilla sê dat die SKA SA-projek baie opwindende studie- en loopbaangeleenthede bied, en dat hulle die ander jongmense in en om Carnarvon, Williston, Van Wyksvlei, Brandvlei en elders aanmoedig om hierdie geleenthede aan te gryp en die meeste voordeel daaruit te trek, en met hulle talente te woeker.

"Die jongmense in ons span, soos Priscilla en Kasper, is werklik toegewyd, gewillig om enigiets te doen en gretig om te leer," sê Dawie Fourie, bestuurder by SKA Suid-Afrika se Karoo-terrein.

SKA AFRICA
SQUARE KILOMETRE ARRAY

www.ska.ac.za

Teks en redigering: Marina Joubert Ontwerp en uitleg: Loretta Steyn Grafiese Ontwerpateljee